

DIE REPTIELE VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT DEEL II

DIE AKKEDISSE (SUB-ORDE SAURIA)


In deel I het ons aandag gegee aan die uitkenning van die akkedis-families wat in Suid-Afrika voorkom. In die volgende paar uitgawes sal ons meer spesifiek kyk na die akkedisse van die Vrystaat



I. FAMILIE AGAMIDAE (Koggelmanders)

Koggelmanders is beperk tot die "ou" wêreld en word in Suid-Afrika verteenwoordig deur 'n enkele genus, *Agama*. Ongeveer 12 spesies en subspesies is aan ons bekend in Suid-Afrika waarvan slegs drie in die Vrystaat voorkom.

J.H. van Wyk



AGAMA ATRA (Daudin)
Bloukoppoggelmander



S.A. Verspreiding: Hele Suid-Afrika (nie Kruger Nasionale Wildtuin nie).

Kleur: Mannetjies: Gewoonlik helder gekleurd. Kop, keel, bors en voorbene vertoon blou-groen tot skakerings van pers-blou wat ligter word op die buik. Sykante soms rooi-oranje met die onderkant van stert helder oranje gekleurd. Rugkant meestal blougrys met 'n kenmerkende ligte streep op middellyn. Wyfies: Nie helder gekleurd nie. Rugkant vertoon blougrys of bruingrys met die maagkant wit. Keel en bors baie ligter blou as by mannetjie. Lies vertoon geel-oranje in die broeiseisoen.


Grootte: Grootste mannetjie in O.V.S. = 262 mm
Grootste wyfie in O.V.S. = 210 mm

Habitat: Klipkoppies. Daglewend en te sien tydens warmste tye van dag.

Voedsel: Meestal miere, krieke, sprinkane, vlieë en kewers. Soms ook plantmateriaal.

Voortplanting: Beperk tot somermaande wanneer wyfie 10-14 eiers lê op 'n keer, twee of meer maal/jaar

AGAMA ACULEATA ACULEATA (Boulenger)
Kalaharikoggelmander



S.A. verspreiding: Kaaprovinsie en O.V.S. (kyk kaart).


Kleur: Rugkant is donker-bruin tot grys. 'n Duidelike ligte (wit) streep op middel-lyn. Soms twee dwars, verlopen-de wit bande op kop. Maagkant wit tot gryswit. Keel donker-blou met oranje kolle langs sykante.

Grootte: Grootste mannetjie in O.V.S. = 231 mm.
Grootste wyfie in O.V.S. = 208 mm.

Habitat: Meestal in droë, sanderige dele van Suidwes-O.V.S. Skuil gewoonlik onder haak-en-steek.



Voedsel: Onseker (Insekte: miere en kewers).

Voortplanting: 14-18 eiers in somer



Keelpatroon

AGAMA ACULEATA DISTANI (Boulenger)
Vaalveldkoggelmander



S.A. verspreiding: O.V.S. (kyk kaart) en Suidoos-Transvaal.

Kleur: Rugkant varieer van liggeel tot donkerbruin of grysbrown. Op die middellyn is daar 'n onderbroke wit lyn wat op die kop onderbreek word deur V-vormige bande. Donker dwars-verlopende bande te sien op bene en stert. Maagkant is meestal wit of gryswit en keel vertoon kenmerkende patrone.

Grootte: Grootste mannetjie in O.V.S. = 231 mm.
Grootste wyfie in O.V.S. = 208 mm.

Habitat: Meestal op oop, sanderige vlaktes met bossies waaronder hulle in gate bly. Maak ook gebruik van "ou" muis- en meerkatgate.


Voedsel: Alle insekte, maar meestal miere.

Voortplanting: 17 eiers altesaam getel.



Keelpatroon

AGAMA HISPIDA HISPIDA (Linnaeus)
Stekelkoggelmander



S.A. verspreiding: O.V.S. (kyk kaart), Noordwes-Kaap en Noord-Kaap.


Kleur: Rugkant is ligbruin tot donkerbruin. 'n Reeks van vier groot vierkantige kolle is gerangskik aan beide kante van die middellyn en word voortgesit oor die stert. Twee V-vormige bande op kop te sien en kop vertoon soms blou by mannetjies. Die nek, armholtes en lies mag oranje vertoon. Onderkant is gewoonlik gryswit.

Grootte: Grootste mannetjie in O.V.S. = 138 mm.
Grootste wyfie in O.V.S. = 136 mm.

Habitat: Tussen los klippe en verspreide bossies, waaronder hulle gate maak. Naby die walle van die Vaalrivier.

Voedsel: Meestal kewers, miere en sprinkane.

Voortplanting: Min bekend - eierleënd.



Keelpatroon

II. FAMILIE VARANIDAE (Likkewane)

Alle likkewane word ingesluit in 'n enkele genus, *Varanus*. Daar is nagenoeg 30 verskillende spesies bekend, waarvan slegs twee in Suid-Afrika voorkom. Likkewane is dan ook die grootste akkedisse wat in Suid-Afrika voorkom.



Familie Varanidae Genus *Varanus*



Liggaamsvorm vertoon stewig. Stert ovaalvormig en kort. Die kop byna net so lank as breed en snoet vertoon stomp. Neusgate spleetvormig en nader aan oog as snoet geleë.


Varanus exanthematicus albigularis



Liggaamsvorm vertoon slank en vaartbely. Stert is lateraal afgeplat vir swemdoeleindes. Kop tweemaal so lank as breed en snoet vertoon skerp. Neusgate is ovaalvormig en halfpad tussen snoet en oog geleë.

Varanus niloticus niloticus

VARANUS EXANTHERMATICUS ALBIGULARIS (Daudin) Berglikkewaan



S.A. verspreiding: Savannas van S.A.

Kleur: Swart tot grysbruin op rugkant met 4-6 vaalwit, dwarslopende bande oor die liggaam en 7-9 soortgelyke bande oor die stert. 'n Swart band vanaf oog tot by skouers is gewoonlik sigbaar. Maagkant geelwit met 'n donker band aan sykante.

Grootte: Grootste mannetjie in O.V.S. = 1 256 mm.


Grootste wyfie in O.V.S. 1 066 mm.

Habitat: Meestal landlewend en besonder goed aangepas om te klim (bome en rotse). Glad nie tuis in water nie.

Voedsel: Klein soogdiere, voëls, ander reptiele (selfs skilpaaie), voeleiers en insekte.

Voortplanting: Wylie lê 50-90 eiers in gate in grond gedurende die somermaande.

VARANUS NILOTICUS NILOTICUS (Linnaeus) Waterlikkewaan



S.A. verspreiding: Alle savannadele van S.A.

Kleur: Rugkant vertoon grysbruin tot donker olyfbruin met geel kolle wat in ses of sewe dwarsverlopende rye gerangskik is. Dwars verlopende geel bande op stert te sien. Maagkant is wit met onreëlmatige dwarsstrepe.

Grootte: Grootste mannetjie in O.V.S. = 1 880 mm.

Habitat: Altyd naby water.

Voedsel: Meestal krappe, mossels asook klein soogdiere, voëls, ander reptiele, visse, voeleiers en veral krokodileiers.

Voortplanting: Wylie lê gewoonlik 40-60 eiers in 'n gat in 'n miershoop. Broeitydperk is tussen 9 en 10 maande.

BRANCH, W.R. 1981 An annotated checklist of the lizards of the Cape Province, South Africa. *Ann. Cape Prov. Mus. (Nat. Hist.)* 13: 141-167.
DE WAAL, S.W.P. 1978 The Squamata (Reptilia) of the Orange Free State, South Africa. *Mem. nas. Mus., Bloemfontein*, 11: 1-160.
FITZSIMONS, V.F.M. 1943 The Lizards of South Africa. *Trans. Mus. Mem.* 1: 1-528.
GOIN, J.C., GOIN, O.B. and ZUG, G.R. 1978 *Introduction to Herpetology*. W.H. Freeman and Company, San Francisco.
McLACHLAN, G.R. 1980 Taxonomy of *Agama Hispidia* (Sauria: Agamidae) in Southern Africa. *Cimbebasia Ser. A* 5 (6): 219-227.
PIENAAR, U. DE V. 1966 The reptile fauna of the Kruger National Park. *Koedoe Monograph*, 1: 1-223.